


# JESUS

## KOM OM SONDAARS TE ROEP

SINT MATTEUS
APOSTEL & EVANGELIS

AFRIKAANS KATOLIEK

© 2024 - Die Oratorium Uitgewery

Wolfweg 29, Oudtshoorn, 6620
Tel.: +27 44 2039600 • www.afrikaanskatoliek.co.za

# INHOUDSOPGAWE


| | |
|---|---|
| Inleiding | Bladsy 4 |
| Omtrent Sint Matteus | Bladsy 5 |
| Christus Het Gekom Om Sondaars Te Roep | Bladsy 6 |
| Ons Word Nie Deur Ons Sonde Gedefinieer Nie | Bladsy 8 |
| Daar Is Hoop | Bladsy 10 |

# INLEIDING

*"Dit is God wat ons altyd roep, wat altyd na ons soek,
wat elkeen van ons altyd persoonlik versorg."*

Sint Augustinus van Hippo

Een van die kernwaarhede van Christus se boodskap is dat Hy "nie gekom het om die regverdiges te roep nie, maar sondaars" (Matteus 9:13).

Ons word aan hierdie waarheid bekendgestel wanneer Matteus ons Here vir die eerste keer ontmoet en Hy Matteus nooi om Hom te volg. Christus maak hierdie uitnodiging (juis) op daardie oomblik omdat Matteus 'n tollenaar was, 'n groep wat die Fariseërs as "sondaars" beskou het, en wat oor die algemeen nie onder die bevolking gewild was nie, omdat hulle namens die Romeine belasting ingevorder het.

Toe Jesus Matteus geroep het, het Hy beide sy hoorders en ons geleer dat Hy nie gekom het om te oordeel nie, maar om almal wat van God vervreemd was, te roep.

Dus is hierdie boodskap een van hoop vir elke geslag. In hierdie e-boek wil ons besin oor Matteus en sy ontmoeting met Christus en oor Jesus se fundamentele boodskap. Sodoende is hoop te vinde in die voorbeeld van heilige manne en vroue wat ons voorgegaan het en wat getoon het dat geen sonde te groot is vir God se genade nie! God se oproep tot heiligheid is selfs vir die grootste sondaar bedoel.

## OMTRENT SINT MATTEUS

*9Toe Jesus van daar af verder gaan, sien Hy 'n man met die naam Matteus by die tolhuis sit en sê vir hom: "Volg My!" En hy het opgestaan en Hom gevolg. 10Toe Hy in die huis vir ete aanleun, het daar onverwags ook baie tollenaars en sondaars opgedaag en saam met Jesus en sy dissipels vir ete aangeleun. 11Die Fariseërs het dit gesien en vir sy dissipels gevra: "Waarom eet julle leermeester saam met tollenaars en sondaars?" 12Toe Jesus dit hoor, het Hy gesê: "Gesonde mense het nie 'n dokter nodig nie, maar wel die siekes. 13Gaan leer wat beteken, 'Ek wil barmhartigheid hê en nie offerande nie.'* ***Ek het immers nie gekom om regverdiges te roep nie, maar sondaars."***

Matteus 9:9-13 *(Klem my eie)*

Hier lees ons die verhaal van Matteus se ontmoeting met Jesus en Jesus se uitnodiging aan Matteus om Hom te volg. 'n Paar belangrike dinge omtrent hierdie gebeurtenis is die feit dat Matteus 'n tollenaar was. Tollenaars is algemeen deur hulle eie gemeenskappe gehaat omdat hulle vir die Romeine gewerk het en dikwels meer belasting vir eie gewin ingevorder het as wat verskuldig was. Matteus was nou maar nie iemand wat 'n mens sou verwag het, ons Here sou geroep het nie. 'n Opmerking wat ook van toepassing is op baie van die Apostels.

Alhoewel Matteus nie die tipiese "eerlike en regverdige man" was nie, het hy onmiddellik op Jesus se uitnodiging reageer. Jesus het hom gesien en gesê, "Volg My." Matteus het nie gehuiwer om Hom te gehoorsaam nie. (Matteus 9:9) As 'n tollenaar was Matteus relatief welaf. Hy het 'n stabiele en gemaklike lewe gelei, wel met geld wat nie uit eerlikheid verdien is nie. Hy ontmoet Christus en onmiddellik is hy verander. Hy het alles netso agtergelaat om die Here te volg. Van Matteus leer ons nederigheid, afsterwing van wêreldse dinge, en ook hoe om Christus (vinnig) te antwoord wanneer Hy roep.

# CHRISTUS HET GEKOM OM SONDAARS TE ROEP

Matteus se tydgenote het hom as 'n "sondaar" beskou. Daar is gedink dat tollenaars volgens die Wet van Moses onregverdig was, en daarom was Jesus se aanhoorders verbaas toe Jesus, wat sommige gedink het 'n heilige man was, saam met 'n tollenaar aan tafel gesit het.

Die Fariseërs het dit gesien en vir Jesus se dissipels gevra: "Waarom eet julle leermeester saam met tollenaars en sondaars?" (Matteus 9:11). Dit is toe dat Jesus een van die kernwaarhede van Sy boodskap "Gesonde mense het nie 'n dokter nodig nie, maar wel die siekes." (Matteus 9:13) bevestig het.

Die Fariseërs, wat 'n regverdigheid verkondig het wat nie net die Wet van Moses ingesluit het nie, maar ook hulle eie mondelinge tradisie, was met afgryse vervul. Vir die Apostels egter, moes hierdie stelling van Jesus hulle met vervul het. Wat hulle nou net by hulle Leermeester geleer het, is dat Hy selfs die slegste onder ons kom roep het!

Onse Liewe Here herhaal hierdie boodskap in die gelykenis van die verlore skape (Matteus 18:12-14):



*"Wat dink julle? As iemand honderd skape het en een van hulle raak weg, sal hy nie die nege-en-negentig in die berge los, en die een wat weggeraak het, gaan soek nie? En as hy hom wel kry, amen, Ek sê vir julle, dan is hy baie blyer oor hom as oor die nege-en-negentig wat nie weggeraak het nie. So is dit nie die wil van julle Vader in die hemele dat een van hierdie kleintjies verlore raak nie."*

Matteus 18:12-14

Hier is werklik iets om oor by stil te staan en oor na te dink:

Christus het gekom om die persoon te roep wat verlore is, die persoon wat doelbewus sonde kies, die persoon wat verward is, verlang na liefde, of vasgevang is in hul ondeugde.

Christus het ons lief. Hy ken ons sonde, maar Hy veroordeel ons nie. Hy kyk na elke persoon en sien Sy Vader se seun of dogter, Sy eie broer of suster, elkeen van ons wat die Vader se barmhartigheid nodig het, en Hy nooi ons uit om Hom te volg na die oneindige bron van barmhartigheid en lewe.

## ONS WORD NIE DEUR ONS SONDE GEDEFINIEER NIE

Soms mag ons voel dat ons God se liefde onwaardig is. Laat die volgende waarheid jou op sulke tye bemoedig en aanmoedig om altyd hierdie waarheid te onthou:

> *"Jy is geskape na die beeld en gelykenis van God."*
>
> *cf. Genesis 1:27*

Christus het gekom om sondaars te roep; Hy ken ons sonde, God noem ons by die naam. Hierdie waarheid bevestig die profeet Jesaja (43:1):

> *Maar nou," so sê die Here,*
> *jou Skepper, Jakob,*
> *die Een wat jou gevorm het, Israel,*
> *"moenie bang wees nie,*
> *want Ek het jou losgekoop,*
> *Ek het jou op jou naam geroep –*
> *aan My behoort jy.*

Ons is waardevol want ons is bekend, geliefd en word begeer deur die Skepper van die heelal, die Koning van Hemel en Aarde. Hy wat Sy beeld op ons afgedruk het, Hy begeer om ons na Sy volmaakte beeltenis te herstel, selfs nadat ons dit deur sonde misvorm het. Ons word nie gedefinieer deur ons vorige besluite, ons slegte dade en ons sondes nie. Christus het ons lief, gee om vir ons en begeer ons, selfs wanneer ons aanhoudend onsself van Hom skei. Wanneer ons Christus teëkom, nooi Hy ons uit om ons terug te keer, Hy vergewe ons alles wat ons gedoen het en nooi ons in die lig van Sy genade.

In God die Vader se volmaakte liefde vind ons die vryheid om na Hom terug te keer en in Sy liefde te bly wat so goed is.

*"Dit is deur die troue liefde van die Here dat ons nie omgekom het nie, ja, sy ontferming ken geen einde nie*
*(Klaagliedere 3:22)*

Deur Sy genade word ons herskep; ons is:

• Kosbaar en geëer in [Sy] oë (Jesaja 43:4).
• Geskep vir [sy] eer (Jesaja 43:7).
• Verlos (Jesaja 43:1).
• Geskep vir goeie werke (Ef 2).
• Nie meer 'n slaaf nie, maar 'n seun (Galasiërs 4).
• Nie alleen nie, [Hy] is met jou (Jesaja 41:10).
• Bemin deur Hom (Jesaja 43:4).
• 'n Uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige nasie, 'n volk wat aan God behoort, sodat julle die deugde kan verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderlike lig . . .(1 Petrus 2:9).

# DAAR IS HOOP

Die bewys dat daar hoop is, is die voorbeeld van die ontelbare mans en vroue wat ons voorgegaan het en wat ons gewys het dat geen sonde ooit te groot is vir God se kragtige liefde en barmhartigheid nie. Kyk maar net na die lewensverhale van groot sondaars soos Matteus, Paulus, die Apostel en Augustinus van Hippo wat van groot sondaars na groot heiliges bekeer het.

## SINT MATTEUS, DIE APOSTEL

• Hy was 'n Jood wat vir die Romeinse regering as 'n tollenaar gewerk het (tollenaars is deur die mense in hul gemeenskap verag en as verraaiers beskou).

• Matteus het Jesus ontmoet, wat hom genooi het om Sy dissipel te word; Matteus het onmiddellik op Christus se oproep reageer. "Toe Jesus daarvandaan verbygegaan het, het hy 'n man met die naam Matteus by die belastingkantoor sien sit; en hy sê vir hom: Volg my! En Hy het opgestaan en Hom gevolg" (Matteuss 9:9).

• Hy het sy gemaklike lewe as tollenaar, sy status en sy reputasie agtergelaat om Christus te volg.

• Hy het een van die Twaalf Apostels geword en uiteindelik een van die vier Evangelieskrywers

## MATTEUS-WYSHEDE

“Moenie vir julle skatte op aarde bymekaarmaak nie, daar waar mot en roes verniel, en waar diewe inbreek en steel. Maar maak vir julle skatte in die hemel bymekaar, daar waar mot en roes nie verniel nie, en waar diewe nie inbreek en steel nie. Want waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees. (Matteus 6”19-21)

“By mense is dit onmoontlik, maar by God is alles moontlik.” (Matteus 19-26)

“Niemand kan twee base dien nie. Want hy sal óf die een haat en die ander een liefhê, óf hy sal aan die een lojaal wees en die ander een verag. Julle kan nie God én Mammon dien nie.” (Matteus 6 19-27)

“Gaan deur die nou poort in. Want breed is die pad en wyd die poort wat na die verderf lei, en daar is baie wat daardeur binnegaan.” (Matteus 7:13)

*Van Matteus leer ons twee belangrike dinge:*
*1) om vinnig en vertrouend op Christus te reageer wanneer Hy ons roep, en*
*2) dat Jesus niemand van Sy vriendskap uitsluit nie.*
*Ons moet nie dink dat ons te ver van God se genade af is om Sy vriend te wees nie.*

*Wanneer Hy roep, antwoord. Hy het jou gekies ...*

Skrif aanhalings geneem uit Die Bybel 2020-vertaling met Deuterokanonieke boeke © 2020 Bybelgenootskap van Suid-Afrika
Met toestemming